Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

# OPROEP OM BENOEMINGS OM VAKATURES IN DIE WES-KAAPSE TAALKOMITEE TE VUL

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se Staande Komitee oor Polisietoesig, Gemeenskapsveiligheid, Kultuursake en Sport, ter voldoening aan artikel 7 van die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet 13 van 1998), nooi die publiek uit om geskikte persone as lede van die Wes-Kaapse Taalkomitee (WKTK) te benoem. Persone wat aangestel word, sal 'n ampstermyn van drie jaar dien.

Die mandaat van die Wes-Kaapse Taalkomitee word voorgeskryf in die bepalings van die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995 (Wet 59 van 1995), die Grondwet van die Wes-Kaap, 1998 (Wet 1 van 1998), en die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet 13 van 1998). Die doel van die WKTK is om die gebruik van die drie amptelike tale in die Wes-Kaap te monitor; om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te monitor; en om die Minister belas met taalaangeleenthede en die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad van raad te bedien oor taalaangeleenthede in die provinsie of wat die provinsie raak.

Die lede van die Wes-Kaapse Taalkomitee verteenwoordig die gebruikers van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, naamlik Afrikaans, Engels en Xhosa, asook van Suid-Afrikaanse gebaretaal en voorbeen gemarginaliseerde inheemse tale van die Wes-Kaap. Lede van die Komitee sal die rekenpligtige owerheid van die entiteit wees en sal verantwoordelik wees vir al die bestuurstoesigverwante aangeleenthede ingevolge artikel 49 tot 57 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) (WOFB).

**Vereistes:**

**Benoemdes moet:**

- oor 'n taalverwante kwalifikasie beskik;
- Suid-Afrikaanse burgers wees, ten minste 21 jaar van ouderdom wees en permanente inwoners van die Wes-Kaap wees;
- ten minste twee van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap vlot magtig wees;
- oor kennis beskik en ondervinding hê in taalaangeleenthede en aktief en proaktief bydra tot die bevordering van die gebruik van die drie amptelike tale wat in die provinsie gebruik word, asook van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en Suid-Afrikaanse gebaretaal; en
- grondige kennis hê van finansiële bestuur en voldoeningsvereistes ingevolge die WOFB.

Benoemings moet met die voorgeskrewe benoemingsvorm gemaak word en moet teen nie later nie as **28 November 2024 om 12:00** ingedien word.

Die benoemingsvorm kan van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se webtuiste by www.wcpp.gov.za afgelaai word. Die vorm kan ook aangevra word by mnr Waseem Matthews, Prosedurebeampte van die Staande Komitee oor Polisietoesig, Gemeenskapsveiligheid, Kultuursake en Sport. Sy e-posadres is wmatthews@wcpp.gov.za.

Neem asseblief kennis dat kommissielidmaatskap nie 'n voltydse betrekking is nie.

**Uitgereik deur mnr T Walters (LPP), Voorsitter van die Staande Komitee oor Polisietoesig, Gemeenskapsveiligheid, Kultuursake en Sport.**

gear GA3940